



Bring stories home for the holidays

Can you believe that it is nearly the end of 2014? That means that it is almost time for the end-of-year holidays – time to relax a little as we enjoy being with family and friends, and more time to spend with stories and books!

If you are spending money on entertainment and gifts for your children this holiday season, don't forget to include a book or two. Let your children help to choose which books you buy, by spending the morning in a bookshop together. Ask your children to find and make a list of the five books they would most want to own. Buy at least one book from this list when you go Christmas shopping for your children, or when you want to buy something to keep them busy during the holidays. You'll encourage them to read and give them hours of pleasure at the same time!

Here are some other ideas to keep stories and reading happening during the holidays.

- **Write the words.** Wordless picture books tell a story by using only illustrations. They are a wonderful resource for encouraging the writer in us! Borrow a wordless picture book from the library or find an old favourite at home. Give every family member a piece of paper and let them write the words for the story to go with each picture. Then have fun reading each of your stories and noticing in what ways they are the same and different!
- **Have a reading adventure.** Follow the instructions on page 7 to create a holiday reading passport for your child that encourages new adventures into reading and stories.

- **Try something new.** Set aside one week during the holidays where you all read something you would not usually choose to read. Maybe this means reading a book of poems, or the biography of an interesting person, or an information book on a topic you know nothing about. Or, maybe it means that you try out a new author. Either way, this is your chance to get hooked on something new!
- **Listen to stories.** Why not experience stories in a different way by listening to them? Listen to Nalibali's selection of stories on the radio at the times advertised on page 2, or download them from www.nalibali.org or www.nalibali.mobi.

Bring stories huis toe vir die vakansie

Kan jy glo dit is byna die einde van 2014? Dit beteken dis byna tyd vir die skoolvakansie – tyd om 'n bietjie te ontspan terwyl ons tyd saam met familie en vriende deurbring, en meer tyd om met stories en boeke deur te bring!

As jy hierdie vakansieseisoen geld aan vermaak en geskenke vir jou kinders bestee, moenie vergeet om 'n boek of twee in te sluit nie. Laat jou kinders jou help kies watter boeke om te koop deur 'n oggend saam in die boekwinkel deur te bring. Vra jou kinders om 'n lys van vyf boeke te maak wat hulle die graagste wil hê. Koop ten minste een boek op hierdie lysie wanneer jy vir jou kinders gaan Kersgeskenke koop, of wanneer jy iets koop om hulle besig te hou gedurende die vakansie. Jy sal hulle aanmoedig om te lees, en hulle terselfdertyd ure se pret verskaf!

Hier volg ander idees om seker te maak jou kinders geniet stories en lees gedurende die vakansie.

- **Skryf die woorde.** Prentboeke sonder woorde vertel 'n storie deur slegs illustrasies te gebruik. Dit is 'n wonderlike hulpbron om die skrywers in ons aan te moedig! Neem 'n prentboek sonder


woorde by die biblioteek uit of vind 'n ou gunsteling by die huis. Gee vir elke familielid 'n vel papier en laat hulle woorde vir die storie skryf wat by elke prent pas. Geniet dit dan om elkeen van die stories te lees, en let op hoe julle stories dieselfde en verskillend is!

- **Gaan op 'n leesavontuur.** Volg die instruksies op bladsy 7 om 'n vakansie-leespaspoort vir jou kind te maak wat nuwe avonture in lees en stories aanmoedig.
- **Probeer iets nuuts.** Sit een week van die vakansie opsy waartydens julle almal iets lees wat julle nie gewoonlik sal kies om te lees nie. Dalk beteken dit dat jy 'n bundel gedigte lees, of die biografie van 'n interessante persoon, of 'n feiteboek oor 'n onderwerp waarvan jy niks weet nie. Of dalk beteken dit dat jy boeke lees van 'n skrywer wie se boeke jy nog nie voorheen gelees het nie. Ongeag wat jy kies, dit is jou kans om iets nuuts te probeer!
- **Luister na stories.** Waarom nie stories op 'n ander manier ervaar deur daarna te luister nie? Luister na Nalibali se versameling stories op die radio op die tye wat op bladsy 2 geadverteer word, of laai dit af by www.nalibali.org of www.nalibali.mobi.



We will be taking a break until the week of 25 January 2015. Join us then for more Nalibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot en met die week van 25 Januarie 2015. Sluit dan weer by ons aan vir meer Nalibali-leesgenot!



INSIDE
Win a R100 gift card from Jet Club!
BINNE
Wen 'n R100-geskenkbewys van Jet Club!

Jet Club



Drive your imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.





Story corner

Here is the final part of the story about the promise made by the storks. Enjoy reading it aloud or retelling it.

A promise is a promise (Part 2) By Wendy Hartmann

The ostrich was delighted, and so he tried again. He ran about. He flapped his wings and practised to fly in peace and quiet, but he never left the ground. Eventually he went back to the storks. There they sat, huddled together with their feathers fluffed and their beaks shut.

"Oh dear," said the ostrich, "they look so miserable and hungry. They may be irritating, but they have to eat. I wish they could eat without all the talking."

At midday the animals had a meeting. They knew that they had only until midnight to come up with a plan.

"If the storks open their beaks now, they'll talk even more," said the tortoise.

"We have to think of a way to keep those beaks shut," mumbled the hippo.

"But they have to eat," said the ostrich ... and then he had a brilliant idea.

Just before midnight the animals gathered around the storks. "Do you want to end the spell that keeps your beaks from opening?" they asked. The storks nodded eagerly.

"Well, we can arrange that," said the ostrich, "but first, you have to make a promise, and a promise is something that can NEVER be broken." Even the storks knew that. One by one they nodded and agreed to promise whatever the ostrich asked.

The midnight owl hooted. The storks were ready to open their beaks and chatter in excitement when the ostrich stood straight. "Now," he said, "remember your promise." The storks nodded again. "You will each promise NEVER EVER to speak another word."

The storks' beaks dropped open in shock, but they had just made a promise. And, of course, they had to do what they had promised.

From that day on storks have been silent. You will still see them clacking their beaks together pretending to make a noise, but a promise is a promise and they have not broken their promise yet.

You will also still see the ostrich running at full speed, flapping his wings trying to fly. But, to this day he has never been able to. And because of their promise not to speak, the storks cannot tell him that ostriches do not fly.

Missed Part 1 of the story?
Read it at www.nalibali.org
or www.nalibali.mobi.



Illustration by Richard Mackintosh
Illustrasie deur Richard Mackintosh

Storiehoekie

Hier volg die laaste deel van die storie oor die belofte wat die ooievaars gemaak het. Geniet dit om dit hardop te lees of oor te vertel.

'n Belofte is 'n belofte (Deel 2) Deur Wendy Hartmann

Die volstruis is verheug, en hy probeer weer vlieg. Hy hardloop rond. Hy klap sy vlerke en oefen in rus en vrede om te vlieg, maar hy kom nooit van die grond af nie. Uiteindelik gaan hy terug na die ooievaars toe. Daar sit hulle, almal op 'n hoop, met hulle vere opgepof en hulle snawels toe.

"Goeiste," sê die volstruis, "hulle lyk so ellendig en honger. Hulle is dalk irriterend, maar hulle moet darem eet. Ek wens hulle kon eet sonder om so baie te praat."

Dié middag kom die diere bymekaar. Hulle weet hulle het net tot middernag om 'n plan te beraam.

"As die ooievaars nou hulle snawels oopmaak, sal hulle net nog meer praat," sê die skilpad.

"Ons moet aan 'n manier dink om hulle snawels toe te hou," mompel die seekoei.

"Maar hulle moet eet," sê die volstruis ... en toe kry hy 'n blink plan.

Net voor middernag drom al die diere om die ooievaars saam. "Wil julle hê die towerspel wat julle snawels toe hou, moet eindig?" vra hulle. Die ooievaars knik grefig.

"Wel, ons kan dit reël," sê die volstruis, "maar eers moet julle 'n belofte maak, en 'n belofte is iets wat NOOIT verbreek mag word nie." Selfs die ooievaars weet dit. Een vir een knik hulle en stem in om te belof wat die volstruis hulle ook al vra.

Die middernag-uil hoe-hoe. Die ooievaars is reg om hulle snawels oop te maak en te begin babbel, toe die volstruis homself uitrek. "Nou," sê hy, "onthou julle belofte." Die ooievaars knik weer. "Julle sal elkeen belowe om NOOIT OOIIT weer 'n enkele woord te sê nie."

Die ooievaars se snawels val oop van skok, maar hulle het so pas 'n belofte gemaak. En natuurlik moet hulle doen wat hulle belof het.

Van daardie dag af maak ooievaars geen geluid nie. Jy sal nog sien dat hulle hul snawels op mekaar klap en maak of hulle 'n lawaai maak, maar 'n belofte is 'n belofte en hulle het nog nie hulle belofte verbreek nie.

Jy sal ook sien dat die volstruis steeds volspoed hardloop, sy vlerke klap en probeer vlieg. Maar tot vandag toe kan hy nog nie vlieg nie. En omdat die ooievaars belowe het om nie te praat nie, kan hulle hom nie vertel dat volstruise nie kan vlieg nie.


Het jy Deel 1 van die storie misgeloop?
Lees dit by www.nalibali.org
www.nalibali.mobi.

Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m.

SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm.

SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Mamma Smuts pak die vet, pienk worsies op haar mooiste bord uit en bêre hulle in die kas. Sy weet presies wat sy daarmee gaan maak. Dit gaan haar allerbeste Chakalaka oort wees, en dan, op die laaste oomblik, gaan sy die worsies opsy en hulle daarby invoer. Dit sal die dis nog lekkerder en meer vullend maak.



Mama Smuts laid out the plump, pink sausages on her prettiest plate and put them in the cupboard. She knew exactly what she would make with them. It was to be her best-ever Chakalaka and then, at the last minute, she would cut up the sausages and stir them in. That way, they would seem to go further.

There was such excitement when Papa Smuts told Mama Smuts, Sannie and Frikkie about his lucky day. It was as if he had brought home treasure and, in a way, he had.

Die hele familie is opgewonde toe Pappa Smuts vir Mama Smuts, Sannie en Frikkie van sy gelukkige dag vertel. Dis asof hy 'n skat huis toe gebring het, en op 'n manier het hy.



The feast



Die fees

Jude Daly
Jiggs Snaddon-Wood



This story was specially created for Nal'ibali – a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information on reading to your children, reading club ideas, downloadable resources and stories in a range of South African languages, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi.

Hierdie storie is spesiaal vir Nal'ibali geskryf – 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting oor lees vir jou kinders, leesklubidees, aflaaibare hulpbronne en stories in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale, gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi.



“Wat as,” vra Maria, “jy iets anders huis toe vat, iets soos hierdie worsies? Sal dit nou nie ’n lekker bederf wees nie?”

Pappa Smuts dink ’n oomblik na, maar net ’n oomblik, want die worsies lyk baie lekker! Maria en Pappa Smuts ruil toe die vis vir die worsies en Pappa Smuts stap vinnig huis toe.

good! So Maria and Papa Smuts did a swap and for a moment because the sausages did look

moment, but only thought for a

Papa Smuts

be a real treat?”

Now wouldn't that

these sausages?

something like

different home,

took something

Maria, “you

“What if,” asked



Papa Smuts was a fisherman. But, fish were not as plentiful as they used to be and some days he came home empty-handed. Then poor Papa Smuts would feel really downhearted.

Pappa Smuts is ’n visserman. Maar vis is nie meer so volop soos vroeër jare nie, en sommige dae kom hy met leë hande huis toe. Dan voel arme Pappa Smuts regtig moedeloos.

Mamma Smuts sny en kap, strooi en gooi; natuurlik met Sannie en Frikkie se hulp.



Mama Smuts chopped and sliced, diced and spiced, with the help of Sannie and Frikkie.

But then she thought, “Sausages for breakfast. What a treat!”



Maar toe dink sy: “Worsies vir ontbyt. Dit klink heerlik!”

Toe, terwyl Mamma Smuts 'n bietjie van dit en baie van dat byvoeg, help Sannie en Frikkie vir Pappa Smuts om die tafel te dek en 'n bos veldblomme vir die tafel te pluk.



Then, while Mama Smuts added a little bit of this and quite a lot of that, Sannie and Frikkie helped Papa Smuts set the table and pick a bunch of wild flowers to go on it.



Mama Smuts went quietly over to the kitchen cupboard. She covered up the plump, pink sausages and wondered how she could possibly have forgotten them.

Mamma Smuts stap vinnig na die kombuiskas toe. Sy maak die vet, pienk worsies toe en wonder hoe op aarde sy van hulle kon vergeet het.

Toe Pappa Smuts by Maria se Padstal verbystap, roep sy: "Hoeveel kos die vis?" "Jammer, Maria," sê Pappa Smuts, "maar hierdie een is vir ons aandete."




As Papa Smuts passed Maria's farm stall, she called out, "How much for the fish?" "Sorry, Maria," said Papa Smuts, "but this one is for our dinner."

One lucky day, Papa Smuts caught five fish. He sold four and kept one to take home for dinner. Een gelukkige dag vang Pappa Smuts vyf visse. Hy verkoop vier en hou een om huis toe te neem vir aandete.



That's when Mama Smuts would give him a big hug and say, "We'll make ends meet." And Sannie and Frikkie would add, "We always do, Papa." And somehow they always did because ...

Dis wanneer Mamma Smuts hom 'n stewige drukkie gee en sê: "Ons sal 'n plan maak." En Sannie en Frikkie voeg by: "Ons maak altyd 'n plan, Pappa." En op een of ander manier doen hulle dit altyd, want ...



En, "Oe... oe!" sê Pappa Smuts. "Ek het nie gedink dis moontlik nie, maar hierdie Chakalaka is beter as jou heel beste oit. Daardie worsies het beslis die verskil gemaak!"

And, "My, oh my... oh my!" said Papa Smuts. "I did not think it was possible, but this Chakalaka is better than your best. Those sausages made all the difference!"

"Mmm, mmm!" sê Frikkie. "Mmm!" sê Sannie.

En toe is dit uiteindelik tyd vir aandete. En wat 'n etel



said Frikkie. "Mmm, mmm!" sê Sannie. "Mmm!" said Sannie. a dinner! And what dinnertime. And what And then, at last, it was



Mama Smuts said nothing. But, if Papa Smuts, Sannie and Frikkie had not been so busy tucking into seconds, they might have heard her let out a little gasp.

Mamma Smuts sê niks. Maar as Pappa Smuts, Sannie en Frikkie nie so besig was om aan hul tweede porsies te smul nie, sou hulle gehoor het hoe sy na haar asem snak.

... no one could grow redder tomatoes, greener peppers, crunchier carrots and crispier cabbage than Papa Smuts, with the help of Sannie and Frikkie.

... niemand kweek rooier tamaties, groener soetrissies, soeter wortels en kraakvarser kool as Pappa Smuts nie; natuurlik met Sannie en Frikkie se hulp.



And no one, absolutely no one, could turn the reddest tomatoes, the greenest peppers, the crunchiest carrots and the crispiest cabbage into a more scrumptious meal than Mama Smuts, with the help of Sannie and Frikkie!

En niemand, maar niemand, kan die rooiste tamaties, die groenste soetrissies, die soetste wortels en die kraakvarste kool in 'n lekkerder maaltyd omskep as Mamma Smuts nie; natuurlik met Sannie en Frikkie se hulp!



My holiday reading passport My vakansie-leespaspoort

Name/Naam: _____

FOLD 2

How to use this passport

1. Try each of the reading challenges.
2. Colour in the stamp once you have completed a challenge.
3. Write down the books you read and rate them on the holiday reading log on pages 6 and 7. These could be books you read as part of the challenges or other books you read during the holidays.

Hoe om hierdie paspoort te gebruik

1. Probeer elkeen van die leesuitdagings.
2. Kleur die stempel in wanneer jy 'n uitdaging voltooi het.
3. Skryf die titels van die boeke wat jy gelees het neer en gee vir hulle punte op die leeslys op bladsye 6 en 7. Dit kan boeke wees wat jy as deel van die uitdagings lees, of ander boeke wat jy gedurende die vakansie gelees het.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi

Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veidtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi

FOLD 1

Challenge 5

Hope likes stories about everyday life – especially stories about groups of friends and stories that take place at school! Can you find a story that has friends in it and had something to do with going to school? Enjoy reading it!



Uitdaging 5

Hope hou van stories oor die alledagse lewe – veral stories oor groepe vriende en stories wat by die skool afspeel! Kan jy 'n storie vind wat oor vriende gaan en iets met skool te doen het? Geniet dit om dit te lees!



Challenge 6

Bella often imagines that she is a character from one of the stories she has read. Once she imagined that she was flying on a magic carpet with Noodle! What is your favourite story? Read this story and then draw a picture of yourself as the main character in it.



Uitdaging 6

Bella verbeel hoar dikwels dat sy 'n karakter is in een van die stories wat sy gelees het. Eenkeer het sy hoar verbeel sy vlieg op 'n towerdopj saam met Noodle! Wat is jou gunstelingstorie? Lees hierdie storie en teken dan 'n prent van jouself as die hoofkarakter in die storie.



4

Challenge 7

Josh wants to be a pilot when he grows up and so he spends a lot of time reading about aeroplanes. Find an information book on a topic that interests you and enjoy learning more about this topic as you read!



Uitdaging 7

Josh wil 'n vlieënier wees wanneer hy groot is, en daarom spandeer hy baie tyd om van vliegtuie te leer. Vind 'n feiteboek oor 'n onderwerp waarin jy belangstel, en geniet dit om meer oor hierdie onderwerp te leer terwyl jy lees!



Challenge 8

Josh often reads to Neo and Bella. Choose a book you enjoy and find someone to read it to. (If the book is a novel, you might want to choose one or two chapters to read!)



Uitdaging 8

Josh lees dikwels vir Neo en Bella. Kies 'n boek wat jy geniet en vind iemand vir wie jy dit kan lees. (As die boek 'n roman is, kan jy dikke een of twee hoofstukke kies om te lees!)



5

A holiday reading passport!

During the school holidays, our families' daily routines are often different. Although there is more time to spend on leisure activities, sometimes we can find ourselves spending less time reading regularly with our children. Children learn to read by reading – and they get better at it the more they do it. So, in fact, the holidays are a great time for children to catch up on their reading. Make sure your kids stay on track during these long end-of-year holidays with the Nal'ibali holiday reading passport.

Get going

Follow these steps to help your child create their own reading passport.

1. Cut out the top half of this page.
2. Fold along the purple line.
3. Now fold along the green line.
4. Cut along the red line and trim the edges. Now the passport is ready to use!
5. Let your child try the eight reading challenges on pages 2 to 5 of the passport. There is a stamp next to each one which they can colour in once they have completed the challenge.
6. Let your child write down the names of the books they read during the holidays and rate them on the holiday reading log on pages 6 and 7 of the passport.

Don't forget that we will be taking a break until the week of 25 January 2015. Enjoy the holidays, and join us again in 2015 for more Nal'ibali reading magic! In the meantime, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi to find stories and reading-for-enjoyment inspiration.



Moenie vergeet dat ons 'n blaaskans neem tot en met die week van 25 Januarie 2015 nie. Geniet die vakansie en sluit dan weer in 2015 by ons aan vir meer Nal'ibali-leesgenot! Gaan intussen na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi om stories en lees-vir-genot inspirasie te vind.

'n Vakansie-leespaspoort!



Gedurende die skoolvakansie verskil ons families se daaglikse roetines dikwels. Hoewel ons meer tyd het vir ontspanningsaktiwiteite, kan dit soms gebeur dat ons minder tyd deurbring om gereeld vir ons kinders te lees. Kinders leer lees deur te lees – en hulle raak beter daarmee hoe meer hulle dit doen. Trouens, die vakansie is 'n wonderlike tyd vir kinders om meer gereeld te lees. Maak seker jou kinders hou aan lees tydens hierdie lang vakansie aan die einde van die jaar deur Nal'ibali se vakansie-leespaspoort te gebruik.

Spring weg!

Volg hierdie stappe om jou kind te help om hulle eie leespaspoort te maak.

1. Knip die boonste helfte van hierdie bladsy uit.
2. Vou op die pers lyn.
3. Vou nou op die groen lyn.
4. Knip op die rooi lyn en maak die rande netjies. Nou is die paspoort reg om gebruik te word!
5. Laat jou kind die agt leesuitdagings op bladsye 2 tot 5 van die paspoort probeer. Daar is 'n stempel langs elkeen wat hulle kan inkleur sodra hulle die uitdaging voltooi het.
6. Laat jou kind die titels van die boeke neerskryf wat hulle gedurende die vakansie gelees het en ook vir die boeke punte gee op die vakansie-leeslys op bladsye 6 en 7 van die paspoort.

Challenge 2
Belie likes stories about animals. Do you have a favourite story about animals? Read it again, or find a new story about animals to read.



Uitdaging 2
Belie hou van stories oor diere. Het jy 'n gunstelingstorie oor diere? Lees dit weer, of vind 'n nuwe storie oor diere om te lees.



2

The challenges/Die uitdagings

Challenge 1
Neo loves playing soccer, so he enjoys soccer stories. Read a story about someone who has the same hobby as you or who enjoys playing the same sport as you.



Uitdaging 1

Neo hou baie daarvan om sokker te speel, en daarom geniet hy stories oor sokker. Lees 'n storie van iemand wat dieselfde stokperdie as jy het, of wat dieselfde sport as jy geniet.



Challenge 3

Afrika loves anything to do with inventions and he enjoys making things! Find a book which tells you how to make things – food or objects. Choose something to make and follow the instructions to make it!

Uitdaging 3

Afrika hou van enigiets wat oor uitvindings gaan, en hy geniet dit om dinge te maak! Vind 'n boek wat vir jou vertel hoe om dinge te maak – kos of voorwerpe. Kies iets om te maak en volg die aanwysings om dit te maak!

Challenge 4

Neo's favourite place to read is on his bed. Spend some time reading in your favourite place and then find a new, fun place to read!

Uitdaging 4

Die plek waar Neo die graagste lees, is op sy bed. Die vreemdste plek waar hy al ooit 'n boek gelees het, is onder die kombuisafel. Bring tyd op jou gunstelingplek met 'n boek deur, en vind dan 'n nuwe, prettige plek waar jy kan lees!



3

My vakansie-leeslys

☆	☆	☆
☆	☆	☆
☆	☆	☆
☆	☆	☆
☆	☆	☆
☆	☆	☆
☆	☆	☆
☆	☆	☆

Rate this book!
Gee punte vir hierdie boek!

★ ★ ★

3 = Loved it
Maai daaroor

2 = liked it
Hou daarvan

1 = Just okay
So-so



7

My holiday reading log

Author
Skrwyer

Book title
Boektitel

1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
7.		
8.		

6

Know your Nal'ibali characters

Books are not the only places where we can find stories and other interesting things to read. Develop your children's reading by sharing books with them, as well as stories from the Internet and on your cellphone! Find out about the Nal'ibali character, Josh and his reading habits, then enter the competition to win a gift card from Jet!

Josh is 12 years old and lives with his father and his aunt not far from where Neo and Mbali live. He speaks Afrikaans, English and a little Sesotho. Josh loves anything to do with computers and cellphones – especially reading teen stories on his cellphone!



Ken jou Nal'ibali-karakters

Boeke is nie die enigste plekke waar ons stories en ander interessante dinge kan vind om te lees nie. Ontwikkel jou kinders se leesvermoë deur boeke met hulle te deel, asook stories op die Internet en op jou selfoon! Vind uit oor die Nal'ibali-karakter, Josh en sy leesgewoontes, en skryf dan in vir die kompetisie om 'n geskenkbewys van Jet te wen!

Josh is 12 jaar oud en woon saam met sy pa en tannie, nie ver van waar Neo en Mbali woon nie. Hy praat Afrikaans, Engels en 'n bietjie Sesotho. Josh hou van enigiets wat met rekenaars en selfone te doen het – veral om tienerverhale op sy selfoon te lees!

Win! Wen!



To stand a chance of winning one of four Jet Gift Cards worth R100 each, send us the word "Josh" plus the name of one story on the Nal'ibali mobisite. Email your answer to letters@nalibali.org, or SMS it to 32545 (standard data rates apply). Competition closes on 11 December 2014.

Om in aanmerking te kom vir een van ons vier Jet-geskenkbewyse ter waarde van R100 elk, stuur vir ons die woord "Josh" en die titel van een storie op die Nal'ibali-selfoonwerf. Stuur jou antwoord per e-pos aan letters@nalibali.org, of stuur 'n SMS na 32545 (standaarddatatariewe geld). Kompetisie sluit op 11 Desember 2014.

Terms and conditions: To enter, you must be 16 years or older. Employees of PRAESA are not eligible to enter. **Bepalings en voorwaardes:** Om in te skryf moet jy 16 jaar of ouer wees. Werknemers van PRAESA mag nie inskryf nie.

Clue:
Go to www.nalibali.mobi and visit the "Stories" section to find the answer.

Leidraad:
Gaan na www.nalibali.mobi en gaan na die "Stories"-afdeling om die antwoord te vind.



Jet Club



Drive your imagination

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sunday World